# Nasionale Landbou Jeugskou

# Wolskaap Handleiding



**2024**

# INHOUDSOPGAWE

**INLEIDING**

**ALGEMENE INLIGTING**

1. Rasse
2. Verspreiding
3. Teling
4. Voeding
5. Kudde Gesondheid
6. PRODUKTE VAN 'N WOLSKAAP
7. OUDERDOMS BEPALING
8. VERNAAMSTE PRULFOUTE

**PRAKTIES**

A. Was van die Wolskaap.
B. Voorbereiding van die Wolskaap
C. Riglyne vir vertoonkuns – Skouman
D. Riglyne vir Groepskou van 3
E. Algemene raad met skouman.

**INLEIDING**

Met die beoordeling word die **kind** (vertoner) beoordeel en nie die skaap nie. Dit is wel belangrik dat daar ‘n positiewe verhoudings grootte tussen die kind en die dier moet wees bv; ‘n te groot kind met ‘n te klein skaap lyk uitverhouding en maak nie noodwendig ‘n mooi “skou prentjie” nie. Goeie voeding is ook baie belangrik met die voorbereiding van jou skaap vir skoue.

**DIER:** Jou dier se hoewe moet **1 maand** voor jy skou geknip wees om te verseker dat dit nie gevoelig is as jy skou nie. Wol - en dubbeldoel skape moet 45 tot 150mm wolgroei hê vir ‘n skou. Jou skaap moet **ouer as 6 maande** wees. Geen ramme en hamels mag geskou word nie. Die skaap **moet halter** mak wees. Dit beteken die dier kan gemaklik staan aan die halter tou sonder om te beur daarteen.

**ALGEMENE INLIGTING**

**1. RASSE**

Die **5 bekendste** wolskaap rasse in Suid-Afrika is die: (Wol en Dubbeldoel)

- Merino
- Dohne Merino
- Letelle
- Landskaap
- SA Vleismerino
-

**2. VERSPREIDING**

Al hierdie rasse kom in al 9 provinsies van Suid-Afrika voor.

**3. TELING**

Die meeste skaaprasse in SA is baie aanpasbaar en kan reg deur die jaar gepaar (nie-seisoenaal) word. Die beste resultate word egter met **herfs** parings verkry. Die keuse van paar seisoene word deur die beskikbaarheid van **voeding** met **paring, lamtyd** en **speentyd** bepaal. Die dragtigheids duur van ‘n ooi is **vyf maande**/ 21 weke/ 150 dae. Dit is belangrik dat die pasgebore lam binne **2 uur** na geboorte biesmelk inkry om sy immuniteit teen siektes op te bou. Indien nie, word die lam gou swak en vrek dit maklik.

**Lamverliese** is groot skade vir kleinvee boere. Lamverliese kom voor as gevolg van:

- Ongediertes bv. honde, rooikatte, roofvoëls, jakkalse, bobbejane

- Klimaats omstandighede waar diere nie skuiling het nie (koue, nat, sneeu, wind ens)
- Swak moeders (veral jong ooie)
- Swak voeding (ooie wat nie genoeg melk het nie)

## 4. VOEDING

Die **voeding van die skaap** is baie belangrik en het ‘n uitwerking op die volgende **3 faktore**:

- Groei
- Lam persentasies
- Speen persentasies

Drastiese **verbetering of verswakking** van voeding, veroorsaak ‘n **breek in die wol** wat **wolpryse** nadelig beïnvloed.
Ooie lam gewoonlik een keer per jaar (12 mde), maar met baie **goeie voeding** kan ooie elke **8 maande** lam. Die wolfollikels van die ongebore lam word gevorm voor geboorte en dit bepaal die woltipe wat die lam as volwasse skaap gaan hê. Daarom is die regte voeding vir ‘n dragtige ooi uiters belangrik. Die onderskeie rasse se **hamels, uitskot ramme en uitskot ooilammers** word vanaf **100 – 150 dae** met ‘n **lewendige gewig van 25 – 45 kg** bemark aan voerkrale of direk aan die slagpale.

## 5. KUDDE GESONDHEID

Die hoewe van die skaap groei veral vinnig **in sagte weidings** (lande) en **sanderige grond**, en moet gereeld kort gesny word, verkieslik elke **2 maande**. Indien dit nie gedoen word nie, ontstaan ontsteking in die hoewe en kry die skaap **vrotpootjie of sweerklou**.
**<u>* Vrotpootjie</u>** word deur ‘n bakterieë veroorsaak. Die bakterieë dring die pote se vel binne by steekplekke van grasse soos die dier wei, sowel as bosluis bytplekke. Skape kan die kiem tot **3 jaar** in hul pote dra. Die kiem kan tot **2 weke** in besmette kampe se grond voortbestaan. Nat toestande is nodig vir die verspreiding van die kiem, so gebiede met hoë reënval is ideaal vir hierdie siekte toestand. Vrotpootjie maak die skape kruppel en hul pote baie seer. Die vel tussen die kloue is rooi, klam en geswel. Dit ruik sleg as gevolg van die smetterigheid.

**Hoe voorkom ons die siekte?**

- Voetdip die geaffekteerde diere se hoewe.
- Sny die hoewe elke **2 maande.**
- Hou dier uit te nat areas
- Raadpleeg jou veearts

Algemene probleme by ooie is **Blou-uier en Bottelspene.**

- **Klem in die Kaak: Hoe word Klem-in-die-Kaak veroorsaak?**
  Dit word deur ‘n bakterieë veroorsaak wat **ontsteking** veroorsaak in die wond, op die lam se lyf. Die bakterieë is oral in die grond en diere met swak immuniteit is meer vatbaar. **Simptome:** die diere is styf en die kakebeen klem vas. Dit is **nie** aansteeklik nie.

- Lammers word op gewigte van tussen **20 – 30 kg (±90 – 100 dae) gespeen** en ook nou **ontwurm**.

  **Siektes waarvoor diere jaarliks voorkomend ingeënt word is:**
  - Bloednier
  - Pasteurella
  - Bloutong

- Ensoötiese Aborsies

**Minerale en Vitamien** aanvullings kan ook deur middel van **voeding, enting of dosering** aan diere gegee word waar tekorte voorkom.

## 5.1 INTERNE EN EKSTERNE PARASIETE

Die algemeenste **inwendige (interne) parasiete** by wolskape is:

- Rondewurms
- Haarwurms
- Bankrotwurms
- Lintwurms
- Neuswurms
-

**Mismonsters** word geneem om die eiertelling te ontleed en te bepaal of die diere besmet is en gedoseer moet word. Met haarwurm besmetting kyk ons na die **slymvlies** van die skaap se **oë** om te bepaal of die skaap bemet is. Wanneer die slymvlies bleek is, is die besmetting swaar.

Die algemeenste **uitwendige (eksterne) parasiete** is:

- Bosluise
- Jeukmyt
- Brandsiek
- Brommers

Uitwendige parasiete kan beheer word deur **dompeldip, voetdip, opgietmiddels of inentings.**

**Brommer aanvalle** - kom algemeen voor by wolskape. Die brommers lê eiers onder die skaap se stert en in wonde op hul lywe waar wurms maklik uitbroei. Wolskape moet gereeld nagegaan word om sulke diere voorkomend te behandel.

**Brandsiek** is ‘n nie-seisoenale siekte. Dit is hoogs aansteeklik maar kan voorkom word. As die boer vermoed sy diere het Brandsiek moet dit onmiddelik by die naaste staatsveearts aangemeld word. ‘n Plaas word onder kwarentyn geplaas vir ± 3 maande. Brandsiek word veroorsaak deur ‘n parasitiese **myt** wat op die skaap se vel teer.

**Wat is die simptome?**

- Dit veroorsaak ‘n irritasie op die vel van die dier.
- Daar is wolverlies.
- Daar is gewigsverlies omdat die dier moeilik eet a.g.v. die jeuk gevoel.
- Die dier kry stukkende merke op die lyf wat infeksies veroorsaak omdat dit teen alles skuur.

**Wat die gevolge vir die boer?**

- Sulke diere verloor kondisie.
- Die diere kan nie verkoop word nie.
- Die boer het inkomste verlies en jou boerdery se naam word aan die siekte gekoppel.

## <u>5.2 EKSTRA:</u>

**Lamsiekte / Botulisme:**

- Dit word veroorsaak deur ‘n **vergiftiging** agv ‘n skadelike bakterieë wat in dooie organiese materiaal voorkom en lamheid by diere en voëls veroorsaak. Dit gebeur bv. wanneer daar ‘n dooie muis vrot en ontbind in ‘n krip waar skape moet water suip.

- Lamsiekte is ‘n **vergiftiging** nie ‘n besmetting nie en is **nie** aansteeklik nie.

**Blindheid -** kan voorkom by wolskape as gevolg van ‘n **Vitamien A tekort** of ‘n **Virus** infeksie.
**Bybal - Ontsteking -** Ramme moet voor paring klinies ondersoek word deur ‘n veearts.
**Brussellose –** is ‘n geslagsiekte wat by ramme voorkom en die ramme steriel kan maak. Voor paring moet ramme klinies deur ‘n veearts ondersoek word.

**Pika – Beenhonger / Osteofagie**

- Dit is wanneer Herbivore (planteters) ‘n dringende lus ontwikkel om aan bene te kou.

- **Hoekom?** Wanneer diere op ou grasweidings wei in omstandighede van langdurige droogtes. Sulke weidings het ‘n **fosfaat tekort** en die gevolge daarvan op jou diere het swak groei, swakheid van bene en stywe gang (mis).
- **Hoe behandel ons Pika?** Die kudde moet aanvullings van fosfaat kry in die vorm van lekblokke en ekstra toediening van beenmeel.

## 6. PRODUKTE VAN ‘N WOLSKAAP

### 6.1 WOL

Wol- en Dubbeldoel skape word geskeer na gelang van die ras met ‘n wolgroei van **6 – 12** maande. Volwasse ooie lewer’n vagmassa van **3 – 6kg** met ‘n lengte van **50 – 100 mm.**
*(C tot AA wollengte - sien Liniaal bl 26)*

**Wolbesoedeling** kos die boer en die wolbedryf baie geld en moet altyd vermy word.
Wolbesoedeling word **veroorsaak** deur: (5)

- Grootste besoedeling kom van **Baal** tou
- Urine en mis
- Bloed en Teer
- Verf en verkleuring a.g.v. swamme / chemikaleë

Probeer altyd besoedeling in die wolskeersel vermy:

- Skeer altyd **woldraende rasse eerste**
- Stukkies vel asook bloedbevlekte wol moet verwyder word
- Wol moet gepers word en nie getrap nie

**Die wolvag word afgerand en soos volg verdeel na dit afgeskeer is op die tafel:**

1. Loks
2. Afrandsels
3. Vagstukke
4. Rugwol
5. Vagwol (5)

<u>**DEFENISIE:** MERINOWOL:</u>

- Dit is witwol wat van nature vry is van steekhaarvesels (Kemp) en hare.

**DEFENISIE:** MERKSTOFWOL:

- Dit is wol wat met enige merkstof bevlek is. Sulke wol word afsonderlik verpak en **BRANDS** gemerk.

**WOL word in 9 verskillende lengteklasse ingedeel, nl: (**Bl 26)

- AA = 90 mm+
- A = 80 – 90 mm
- BB = 70 – 80 mm
- B = 60 – 70 mm
- C = 50 – 60 mm
- DD = 40 – 50 mm
- D = 30 – 40 mm
- EE = 20 – 30 mm
- E = onder 20 mm (9)

**DEFENISIE:** WOLOLIE / LANOLIEN**:**
Wololie se doel is om die wolvesels te beskerm teen **verdorring en verwering** deur stof en weerselemente.

**6.2** DIE 6 FISIESE EIENSKAPPE WAT DIE PRYS VAN WOL WORD SO BEPAAL**: (6)**

- **Fynheid (Veseldikte**) word by die Woltoetsburo gedoen om die deursnee van die vesels te bepaal. Die deursnee van die vesels word in die eenheid **Mikron** gemeet.
  - **22 Mikron is dikker as 18 Mikron (μ)**
- **Definisie van Skoonopbrengs (Kondisie) –** indien 'n kg wol van 'n skaap se vag gewas sou word, watter persentasie die vervaardiger sal kan gebruik. Die res sal meteriaal anders as suiwer keratien wolvesel wees bestaande uit:
  (a) Wolvet en wolsweet 15% tot 30%
  (b) Sand en stof 5% tot 40%
  (c) Plantmateriaal 0,5% tot 10%
  (d) Vog 8% tot 12%
- **Wollengte -**
- **Treksterkte –** fyner wol behaal beter pryse as sterker wol
- **Definisie vir Kwaliteit** word weergee as die reëlmatige en duidelike karteling, sagte hantering, vry van hare, growwe kempagtige of gekleurde vesel.
- **Voorkoms (kleur)**

**6.3 KWALITEIT VAN WOL IS BAIE BELANGRIK**

Die **Hand en Oog metode** word op skoue gebruik om die wol te **waardeer**. Beoordelaars heg baie waarde aan die kwaliteits eienskap. Vertoners van wol- en dubbeldoel skape moet die wolvag op die dier korrek kan oopmaak. Hiervoor word beide hande gebruik en met die vingers en die binnekant van die handpalm word die wol oopgeblaai. So kan die verskillende eienskappe van die wol gesien en **gevoel** word. Die vag word op **3 plekke** oopgemaak, nl. voor, middel en agter.

**KWALITEIT WORD DEUR DIE VOLGENDE FAKTORE BEPAAL:**

- Sagtheid van die hantering van die wol
- Afwesigheid van vreemde vesels soos hare of swart en bruin vesels
- Die duidelikheid en reëlmatigheid van die kartel.

**DEFENISIE:** WOL VAN WITWOLRASSE:

Dit is wol van witwolrasse wat van nature vry is van steekhaar, gekleurde vesels en hare. Bv. **SA Vleismerino's** / Landskape

**DEFENISIE**: WIT EN GEKLEURDE WOL:
Die wol het van nature steekhaarvesels of hare en of gepigmenteerde vesels, bv. **Dorpers**

### 6.4 VLEISEIENSKAPPE

Die **Prys van Vleis** word bepaal deur:

- Ouderdom van die dier (lam, 2 tand, volwasse dier)
- Egalige vetverspreiding oor die karkas.
- Bouvorm
- Grootte van die dier

Karkasse word met kleure gerolmerk na gelang van die ouderdom van die karkas:

- A → lamvleis gemerk met 'n **Pers** merk op die karkas.
- AB → 1 – 2 tand skaap gemerk met **Groen** gemerk op die karkas.
- B → 3 – 6 tand skaap gemerk met **Bruin** op die karkas.
- C → meer as 6 tand skaap gemerk met **Rooi** op die karkas.


In die ring op skoue speel **bespiering '**n groot rol. Boudvleis en rug kottelette is die duur vleis en geniet spesiale aandag van die beoordelaars. Wanneer die skaap in die **lengte van lyf** vertoon word, beoordeel die beoordelaar die **diepte/grootte** van die skaap. Hy kyk in die besonder na die graad van die bespiering aan die skaap se binne**-** en buiteboud as die skaap van agter beoordeel word.

'n **Breë bors** is 'n goeie aanduiding van groot borskapasiteit wat gesonde longe kan huisves. Die dier se loopvermoë is baie belangrik. Waar die dier in onherbergsame veldtoestande moet beweeg moet 'n skaap **goeie kwootgewrigte** hê wat sterk is en nie **deurtrap** as die dier loop nie. *FIGUUR 1, BL 8*.

### 7. OUDERDOMS BEPALING VAN WOLSKAPE


Die boonste kaak is van harde kraakbeen en die dier se ouderdom word deur die ondertande bepaal.

- ± 14 maande wissel 'n lam en kry die dier 2 permanente tande.
- 2 jaar/ 24 mde het die skaap 4 permanente tande
- 3 jaar/36 mde het die skaap 6 permanente tande
- 4 jaar/48 mde het die skaap 8 permanente tande (volbek)



Tydens die jeugskou gaan die skouman die skaap se **bek** moet oopmaak en met akkuraatheid aan die beoordelaar kan verduidelik hoe oud sy dier is.  Die skouman maak die dier se bek oop nie net om ‘n ouderdomsbepaling te doen nie, maar ook om te kyk of daar enige foute met die skaap se bek of tande is.

**FIGUUR 1:** <u>STAND VAN DIE VOOR- EN AGTERBENE:</u>



## 8. VERNAAMSTE PRULFOUTE BY WOLSKAPE:

**DEFENISIE: Wat is n Prulfout?**
Dit is ‘n opsigtelike bouvorm of wol fout aan bv. ‘n skaap, wat so’n dier ondergeskik vir die spesifieke ras se ras standaarde maak.

1. KOP
   Hol kop / kort of lang onderbek / muis ore / ingroei ooglede

2. LYF
   Hol rug en skof / hangkruis / platsydig

3. BENE
   Agter – koei hakke / sekelhakke / swak kwootgewrigte wat hang
   Voor – x- bene / hakke wat sak / te regop hakke

4. KLEUR EN VREEMDE VESEL
   Bruin / swart hare op lyf / bene of kop

5. WOL
   - Oorsterk wol
   - Hare in die broek
   - Droë, growwe hantering
   - Swak kwaliteit / wol gesigte


   **DEFENISIE:** RAMWOL

   Dit is wol wat van ramme afgeskeer word.

   **DEFENISIE:** WISSELLAMMERWOL

   Dit is wol afkomstig van lammers, tussen **8-12** maande wat nie as lammers geskeer is nie.

**FIGUUR 2**
**PLEKKE WAAR VERSKILLENDE WOL OP N WOLSKAAP VOORKOM:**




# PRAKTIES

**NIE TOELAATBAAR BY AFDELINGS:**

- **GEEN DEELNEMERS MET HORLOSIES, JUWELE, KOUGOM, OORFONE, SELFONE OF DEELNEMERS MET GRIMERING SAL IN DIE RINGE OF AREA TOEGELAAT WORD NIE.**
- Vuil stewels
- Slordige hare van dogter deelnemers / seuns ongekamde hare
- Geen seep by wolskape
- Slegs vleisskape word gewas.

Jeugskou word gedoen met skape 6 maande en ouer. In die Wolskaap Afdeling kan daar geskou word met dubbeldoen skape.

## A. <u>WAS VAN DIE WOLSKAAP * *WAT HET JY NODIG?*</u>

- ‘n groot emmer met ‘n stewige handvatsel wat nie uitglip nie (± 30 cm diep)
- ‘n diep plastiek gereedskap kis (“toolkis”)
- klein sponsie
- gesig waslappe
- gesig grootte handdoeke
- groter handdoeke vir afdroog van lieste
- skropborseltjie vir die hoewe.
- skoppie en besempie stelletjie om werksarea skoon te maak
- plastiek sak vir jou natlappe
- tou of leer halter
- Jou wit waterskoene
- Blou jean met ‘n belt.

<u>Paar riglyne voor jy begin:</u>

- ✓ **Belangrik: onthou jou nommer op jou rug.**
- ✓ **Werk altyd op n skoon oppervlak.**
- ✓ **Maak seker jy weet watter kant om te was. Luister na die beoordelaar se opdragte.**
- ✓ Lei jou skaap na die was lokaal, linkerhand onder die ken met die haltertou in jou hand sodat die skaap nie daarop trap, jou regterhand op die skaap se stert.
- ✓ Maak jou skaap met sy halter **tou** kort vas met ‘n lostrek knoop sodat die skaap nie ruk nie.
- ✓ Sit jou gereedskapkis neer en tap vir jou **emmer** vol water en plaas dit op ‘**n veilige afstand** van jou skaap se voete af sodat dit nie omgeskop kan word nie. Wanneer jy nie vertroud is met die kraan stelsel nie, moenie die krane vol oop maak in jou emmer nie.
- ✓ Pak nou jou gereedskapkis uit.

<u>**BEGIN WAS: TYD: 35 min Junior-Junior, 30 min Junior en 25 min Seniors of soos bepaal deur die Reëls en Regulasies.**</u>

1. **Begin Links** was **onder die ken** en werk opwaarts, moenie van regs na links oor die skaap se gesig werk nie, as jy links werk, staan jy links.
2. Was die **ken en onder lip**.
3. Was **die lippe en binne mond (tande) met lappie.**
4. Vee die **neus holtes** uit.
5. Was die **wange** goed tot die ooi se “gesig” hare mooi wit is.
6. Vee nou bo-op die **neus brug**.
7. Vee die **traan holtes** onder die oë goed skoon.
8. Vee versigtig om die **oë** om vuiligheid te verwyder.
9. **Binne-in die oorskulp** van die skaap vee jy saggies uit met ‘n klam lap.
10. Vee met ‘n sagte nat sponsie op die **buitekant van die oor** tot skoon.

11. Maak die **horingbasisse** skoon.

**Blaaie en Lieste van die skaap**
Nota: as jy onder die skaap begin werk. Sak jy op een knie, maar nie met albei knieë op die grond nie en jy lê ook nie onder die skaap in nie. Werk op ‘n netjiese, geordende manier en hou jou klere skoon.

- Begin nou met die **linker voorblad.**
- Was die linker vooroksel met ‘n uitgedroogde nat lap en droog af met ‘n groter droë lap.
- Indien die vooroksel skoon is doen dieselfde met die **linker agter lies**.
- Was nou onder **die stert** terwyl jy aan die linker sy van die skaap staan.
- Was en droog nou die **regter voorblad** en dan die **regter agter lies**.

**Bene en Hoewe**

- **Begin weer links voor**. Was nou die **onder bene en hoewe (nie woldraende) begin links voor**. Was met water en jou skropborseltjie.
- Was en skrop die **linker agterbeen en hoef,** volg met die **regter voorbeen en hoef,** en laastens die **regter agterbeen** en hoef. Droog die onderbene met ‘n **afwaartse beweging** af, met ‘n droë handdoek.
- Werk versigtig wanneer jy jou skaap se been knak om jou werk te vergemaklik. **Knak altyd die voorbeen terug en die agterbeen vorentoe.**
- Moenie jou dier se heupe onnodig seer maak met ongemaklike buigings van die been nie.

Maak seker jou skaap se bene is goed **droog**. Jy mag **nooit bo-oor jou skaap staan nie** en jy mag nie bo-oor jou dier werk van die eenkant na die ander nie.

- Kyk dat daar geen strooi, kaf of mis **onder die skaap se maag** vassit nie en gaan jou skaap se wol deur vir enige vreemde vesels - voor, middel en agter**.**
- **Moenie die wol borsel** nie.
- **Indien jou skaap mis of urineeer -** staan stil tot die dier klaar is.
- **Pak jou goed weg in jou gereedskapkis as jy alles klaar gedoen het.**
- Maak seker jou skaap staan netjies reguit.

Vee nou jou **waterskoene af**!!! Steek jou hemp in indien nodig en kyk dat jou broek netjies is.
Nou staan jy nou ook weer aan die **linkerkant van jou skaap se kop**, regop met jou hande agter jou rug.

- Beantwoord enige vrae met die nodige respek en kennis.

*Wanneer die beoordelaar met jou kom gesels en verwysings maak na moontlike foute wat jy gemaak het, moet jy dit as opbouende kritiek ervaar en dit positief aanwend.*
*Wanneer beoordeling verby is maak jy jou skaap los, met opdrag van die beoordelaar, en neem haar na die stal area.*

- Nou gaan jy terug na jou werk area en verwyder jou gereedskapkis en emmer en gaan gooi jou water in ‘n afvoersloot of drein weg.

- Onthou om later jou lappe uit te was en droog te maak.

# B. VOORBEREIDING VAN DIE WOLSKAAP: WAT HET JY NODIG?



- diep plastiek gereedskapkis
- rubber matjie (opsioneel) om jou gereedskap op uit te pak
- skaapskêr in ‘n netjiese werkende toestand met ‘n omhulsel vir die lemme.
- klein ronde punt skêrtjie vir knip van klou en hoef hare.
- geel stoflap
- klein botteltjie roulyn olie wat goed sluit
- Hand Skoppie en besempie stelletjie soos by was.
- halter
- los pleisters in jou kis in geval jy jouself dalk raakknip *(bloed op n wolskaap is verbode)*
- Wit stewels
- Blou jean met lussies en ‘n lyfband.

- **GEEN SKUURPAPIER VIR ‘N WOLSKAAP SE HOEWE NIE**.

VOORBEREIDING: Seniors 20 min. Juniors 25 min.

- **Belangrik:** onthou jou nommer op jou rug.
- **Juniors** doen voorbereiding aan die **LINKERKANT** van die skaap en **Seniors** aan die **REGTERKANT** van die skaap, al word die dier gedeel.
- Gaan haal jou dier in die stal, en sit jou tou **halter** aan. Stap nou met jou **linkerhand** onder die skaap se kakebeen en jou **regterhand** op die skaap se stert. Hou in jou linkerhand ook jou halter se tou vas dat jy of die skaap dit nie vastrap nie.

- Maak nou jou dier op opdrag van die ringgids vas met ‘n losstrek knoop aan die arena se hekkies. Maak die halter **kort vas** om te verseker dat jou dier nie rond ruk nie.

- Bring nou jou **gereedskapkis** na die voorbereidings stasie waar jou skaap vasgemaak staan.

- Pak nou jou **benodigdhede** vir die afdeling uit op jou gereedskapkis of rubbermatjie. Onthou dat **alle skêre toe** is wanneer jy dit nie gebruik nie. Dit kan **jou en die skaap** seermaak, so plaas dit op’n veilige afstand van haar hoewe af. Hou jou gereedskap in netjiese orde en weet waarvoor dit alles is indien die beoordelaar jou vra waarvoor die items is.

**BEGIN** DIE VOLGENDE VOLGORDE:

1. Trim die langhare om die **bek en ken** en sorg dat die hare wat oorbly **dieselfde lengte** is met jou klein skêrtjie. Nie korter as 1cm nie sodat dit natuurlik lyk.
2. Trim die **ooghare** maar moet dit nie afknip nie, trim dit net ewe lank met die klein skêrtjie.

3. Knip die hare binne- in die **oor** met die klein skêrtjie.
4. Knip om die **rand van die oor skulp** versigtig en netjies met die klein skêrtjie.
5. Neem nou jou **skaapskêr** en knip voor, jou skaap se **horingbasisse** en die **kuif.**
6. Knip die wol op die skaap se kop netjies.
7. Beweeg nou afwaarts na die nek van die dier.
8. Knip met die skaapskêr die wol om die skaap se nek met ‘n **afwaartse beweging** van jou skaap, skêr in ‘n V-vorm aan die kant wat jy voorberei.

   Knip nou die kant wat jy voorberei die wol oor die hele lyf. Maak seker dat die **kruis en skouers** genoeg aandag geniet. Die toplyn van jou ooi moet mooi gelyk en egalig wees sonder happe.
   Knip met jou skêr se punt afwaarts teen die pens in die groei rigting van die wol. Vee met die ander hand nou en dan teen die grein van die wol opwaarts om seker te maak jy het alle los vesels afgeknip.
   Onthou – daar is ‘n verskil tussen skaap skeer en skaap knip vir voorbereiding van ‘n skou. (**Hoekom knip ons afwaarts?)** Want skape spring opwaarts as hul skrik, so indien jou skaap skrik, is dit beter vir jou en die dier as jy met jou skaapskêr met die punte na onder knip.

9. Maak seker dat jy ‘n egalige ritme het en **nie happe uit die wol knip** nie. As jou dier beweeg tydens die proses met enige skêr, moet jy altyd op jou hoede wees dat die skêr nie vir jou of die dier beseer nie. Verwyder nou die mis en strooi **onder die pens** indien nodig.
10. Kyk ook onder die skaap se **stert en knip die stertwol se vorm in ‘n breë, ronde U- vorm**. Staan links van die ooi. Tel met jou linkerhand die kort stertjie op en knip die wol met jou regterhand.
11. Knip ook enige onnodige **sweetwol aan die voor- en agterbene se binne kante** uit.Voor en agter.
12. **Knip die lang haartjies om en tussen die hoewe**.
    (1) Knip voorste klou oop en hoef haartjies
    (2) Knip agterste klou oop en hoef haartjies

13. **Olie nou** met jou stoflap en **roulynolie** die hoewe, binne die hoef en die byklou. Voor en agter.
14. Sorg dat jou werk stasie perfek skoon is.
15. Pak nou al jou gereedskap weg in jou gereedskap kis. Skêre altyd toe.
16. **Vee nou laaste jou stewels af**. As al jou gereedskap netjies weggepak is en jou vloer skoon is, steek jou hemp in indien nodig. Gaan staan netjies aan die linkerkant van die skaap regop.
17. Hou oog kontak met die beoordelaar vir verdere instruksies**. Jy bly onder beoordeling tot klas verby is.** Maak seker jou dier staan netjies en is kalm en gemaklik aan die halter.
18. Wanneer die beoordelaar na jou dier kom kyk gaan hy jou kennis toets. Beantwoord die vrae volledig.
19. Wanneer die beoordeling verby is, maak jy jou dier los en neem jy haar terug na die stal. Gaan haal nou jou gereedskapkis.

    *ONTHOU OM JOU SKAAPSKÊR SKOON TE MAAK en TE OLIE NADAT JY DIT GEBUIK HET SODAT DIT NIE ROES NIE.*

## C. RIGLYNE VIR VERTOONKUNS – WOLSKAAP SKOUMAN

**1. ONTHOU:** - Jy en **nie** die skaap word beoordeel nie MAAR daar moet ‘n positiewe verhoudings-grootte tussen jou en die dier wees. Bv. groot, lang kinders moenie te klein diere hê nie en klein skoumanne se skape moet nie te groot wees nie.

PUNTE VAN BELANG:

- Konsentreer en vergeet van alles buite die ring.
- Behou oogkontak met die beoordelaar te alle tye.

- Moenie tussen die skaap en beoordelaar kom nie.
- As julle baie in die klas is, moenie rondkyk nie, fokus op jou dier se bene.
- Praat net as die beoordelaar met jou praat.
- Onthou jou **nommer** voor op jou bors.
- Netjiese donker blou jean sonder vlekke, ‘n lyfband, **wit stewels**, hempie sonder enige embleem.
- Wees stiptelik vir deelname.

**2. REELS VAN DIE RING:**

- Nou het die skaap **geen halter** aan nie en jy moet die dier beheer.
- Hou die skaap vas met jou linkerhand onder die ken en jou regterhand agter die stert.
- Kom die ring binne,
- kloks gewys aan die **linkerkant** van jou skaap en beweeg regs om.
- Moenie **hoeke sny nie** en trap in die hoeke tot jy op jou plek kom en hou oog kontak met die beoordelaar.
- Jy en jou dier mag nie nou aan die reëling raak nie.
- Moenie te ver van die ring se reëling staan nie.
- Staan en maak die skaap se bene reg sodat die voorbene regaf staan en die agterbene effens na agter staan, gemaklik uitmekaar.
- Tel die **skaap se voorlyf** effens op en laat sak haar om voorvoete reg te kry. (Sit regterhand agter die linker voorbeen op die borsbeen en tel skaap op)
- Gebruik jou voet om die agterbene liggies reg te druk.
- Hou jou regterhand liggies agter die skaap se kop en jou vingers wys na haar regter oor, en jou linkerhand onder die kakebeen. Jou vingers wys nie vorentoe na die skaap se kuif nie.
- Ons werk altyd met ‘n **plat, oop hand** met ‘n wolskaap.
- Staan gemaklik aan die dier se linkerblad met jou voete effens weg van mekaar.


- Voete - *FIGUUR 4, bl 20.*

- Sodra jy reg staan en op kyk, is dit ‘n teken vir die beoordelaar dat jy gereed is vir beoordeling.
- Maak seker jy weet wie die **hoof / senior beoordelaar** is.
- Luister mooi na opdragte.
- Jy praat net as die beoordelaar met jou praat.

**3. DRAAI BEWEGINGS VAN SKOUMAN**

- Voorkant, sykant (dwars) en agterkant. Nou moet jy op jou plek bly en nie voorentoe, agtertoe of sywaarts beweeg **uit jou lyn uit nie**. HOU JOU PLEK. - *FIGUUR 3.*
- Wanneer jy plek verloor moet jy met jou volgende draai beweging op jou oorspronklike posisie in lyn terugkom MAAR jy moet ook jouself reg posisioneer as jy besef jy is uit lyn.

**FIGUUR 3:**



*In die lyn skets hierbo kan jy sien skaap **3** is effens uit lyn en die spasie tussen **2** en **3** is te klein en die spasie tussen **3** en **4** te groot. Skaap **4** is baie uit lyn. Hou altyd 'n denkbeeldige lyn en ook dieselfde spasiëring tussen julle diere. Moenie aan die reëling raak tydens jou draai bewegings nie.*

- Wees flink, konstant en vinnig maar nie lomp nie.
- Jou een hand bly op die kaak en met die ander oop, plat hand draai jy die dier se agterlyf in die betrokke rigting met druk en trek bewegings op haar agterkwart.
- Terwyl jy staan en wag vir bevele – moenie met jou hare of klere of die dier vroetel nie!
- Hou jou skouers mooi gelyk. Moenie die dier draai met **knie stamp** bewegings nie.
- *'N fukse skouman is 'n gemaklike en rustige skouman.*

## 4. VERTOON VAN DIE SKAAP IN DIE RING:

- **Ken jou skaap. As jy 'n ander deelnemer se dier vang gaan jy baie punte verloor.**

- Los jou skaap en probeer om nie die dier op die beoordelaar af te druk nie. Wys jou dier vir die beoordelaar.

- Jy mag nie die dier aanjaag deur jou hande te klap of fluit nie.
- Lig jou hande as jy die dier vertoon word.
- Wees kalm en moenie jou skaap skrik maak met vinnige onbeplande bewegings nie.
- Behou oogkontak met die beoordelaar en as die beoordelaar links of regs beweeg, beweeg jy in die teenoorgestelde rigting, maar die skaap moet tussen julle bly.
- As die beoordelaar gaan **staan en jou skaap staan ook** bly jy staan met jou hande langs jou sye. Wanneer die beoordelaar nou beweeg, beweeg jy ook om jou skaap te keer en vertoon.
- Hou jou dier dop en moenie deurmekaar raak met n ander skouman se dier nie.

## 5. BEVEL VAN DIE BEOORDELAAR OM TE "VANG"

- Lig jou arms en sonder om te klap, druk die skaap na die naaste hoek toe van waar jy staan en vang.
- Hou kontak met jou skaap veral as daar meer as een gelyk vertoon word.
- Beweeg onmiddelik nader aan jou skaap en vang haar voor sy kans kry om te hardloop.
- Vang haar aan die **linker agterbeen met jou regterhand** bokant die skaap se hakskeen. As die skaap met haar voorkant na jou staan, kan jy die skaap om sy nek vang.
- As jy staan en wag terwyl ander deelnemers hul skape "vang", moet jy bly **konsentreer** want jy word steeds beoordeel.
- Indien moeilike diere **teen jou skaap druk**, mag jy **nie jou hande van jou dier afhaal** om 'n ander deelnemer te help met sy skaap nie.
- Wanneer jy nou jou dier gevang het, beweeg soos toe jy die ring binne gekom het, van **links** om teen die ring reëling en trap in die hoeke, terwyl jy oogkontak met die beoordelaar behou.
- Wanneer ander deelnemers ver van die reëling af staan moet jy **agter** hulle en hul diere verby beweeg en op jou plek gaan staan.
- Kom nou op jou plek en maak jou skaap se bene reg, maak seker jy staan op jou regte plek en kyk op.

## 6. DIE 2de STEL DRAAIBEWINGS IN DIE RING VIR SKOUMAN

- As almal op hul plekke is en reg is gaan die beoordelaar julle vra om die skape weer in verskillende rigtings te draai. Nou gaan die beoordelaar van julle verwag om die skape vinniger te draai.
- Konsentreer nou baie goed en luister goed na die bevele omdat hulle met die spoed vermeerdering gaan probeer om julle uit te vang. Konsentrasie, beheer en fiksheid is hier baie belangrik.
- Jy kan ook nou gevra word om jou dier met n ander deelnemers se dier uit te ruil. Die ringgids sal julle help om die diere vas te hou terwyl julle ruil.

**7. WOL OOPMAAK**

- Die beoordelaar gaan jou nou vra om die skaap se wol oop te maak op **drie** plekke. Hy of die ringgids gaan nou self die skaap se kop vashou terwyl jy jou regtervoet agter die skaap se linker boud in beweeg. Begin **voor by die skaap se blad** die wol oopmaak. Onthou om al drie jou oopmaak plekke in 'n denkbeeldige lyn te hou.
- Onthou ook dat die wol in n netjiese reguit paadjie oopgemaak word.
- Gebruik jou **duim en wysvinger** van albei hande en trek die wolstapel oop van bo tot onder. Hou jou hande plat en werk met die handpalms op die wol.
- Wanneer jy tevrede voel met jou oopmaak, **kyk op** na die beoordelaar en hy sal jou wys om na die **middel stuk** te verskuif. Doen weer dieselfde en maak die wol oop van bo na onder met dieselfde tegniek. Laaste gaan jy op **die boud / broekwol** oop maak as jy klaar is **kyk op.**
- Die **metode** wat jy gebruik het om die wol oop te maak is **die hand en oog metode.**
- Indien jou beoordeling verby is, maak jou en die dier se bene reg en konsentreer want jy word nog altyd beoordeel.

**8. BEK OOP MAAK VAN DIE SKAAP**

**NOTA**: *Maak seker jy weet hoe oud die dier is, voor jy in die ring gaan.*

- Gebruik die linkerhand se **duim en wysvinger**. Draai die skaap se kop na die beoordelaar toe en trek die bo- en onderlip weg van mekaar af. Kyk eers self na die tande en dan na die beoordelaar.

- Hoekom doen ons dit? Die metode word gebuik om die ouderdom van die dier te bepaal.

**D. RIGLYNE VIR GROEPSKOU:**

1. **In 'n groep is daar 3 deelnemers. Rangskik julle van groot na klein of andersom.**
2. Die middelste persoon (roeper) gee die tekens.
3. Beoordelaars kyk na eenvormigheid en goeie samewerking.
4. Die skape wat gebruik word in groepskou moet ook by die kinders pas en verkieslik uit dieselfde trop wees.
5. Maak seker – die broeke, belde en **stewels** is dieselfde. Maak seker julle het genoeg tyd om julle stewels uit te sorteer. Steek julle hemde in en as julle keppies opsit moet dit ook eenvormig lyk. Julle mag geen juwele of horlosies aan hê nie.
6. Die middelste skouman het die groep se nommer voor op sy bors aangesteek.

**KOM DIE RING BINNE:**

7. Kom die ring in soos met skouman - beweeg sonder om hoeke te sny kloksgewys (**links om**) in die ring. Jou linkerhand onder die skaap se kakebeen en jou regterhand agter op die skaap se stert (pit).

8. Kyk gelyk op na die beoordelaar soos julle links om beweeg. Hou die spasies tussen die skape gelyk en as een van die skape gaan staan, staan die ander twee skoumanne ook met hul diere totdat die skouman wat staan gereed is om verder te loop.
9. Die "roeper" gee nou die teken en julle beweeg dan verder tot julle op jul aangewyse plek gaan staan.

**STAAN REG VOOR BEVELE BEGIN:**


10. Maak nou eers die skaap se bene en jou eie voete reg. Doen dit ook eenvormig. Gaan op die "roeper" se bevel gelyk af, maak eers die voorbene reg. Dit doen julle deur die skape voor die bors op te tel. Nie aan die nek nie. Maak dan die agterbene reg en kom flink op die "roeper" se opdrag met presisie en spoed regop.
11. Wanneer julle tevrede voel met julle voete, maak seker dat jou linkerhand onder die skaap se kakebeen is, en jou regterhand plat met reguit vingers wat liggies rus op die agterkop van die skaap.
12. Hou oogkontak met die beoordelaar en luister na die ringgids se opdragte.
13. Luister na die "roeper" se bevele**.** **Konsentreer**. As die ander twee se skape se bene nie reg is nie, moet hulle ook 'n teken gee dat hulle iets wil regstel. Die teken moet julle self uitwerk.

**DRAAI BEWEGINGS:**


14. Julle gaan nou die skape draai - voorkant, sykant en agterkant. In alle gevalle moet julle op jul plek bly en nie vorentoe, agtertoe of sywaarts uit julle **lyn** beweeg nie.
15. Nou is dit baie belangrik dat julle ook die **spasies** tussen julle reg hou. *FIGUUR 5, BL 21*
16. Konsentreer dat julle hande op dieselfde plek bly agter die kop en konsentreer op julle **voete.**
17. Dit help baie as julle fuks is, want as jy nie by bly met die draai bewegings nie gaan jy die groep se ritme uitgooi en 'n beoordelaar sien dit baie gou raak.

**FIGUUR 4:** Voet plasings in die onderstaande sketse is voorgestel as die skouman aan die linkerkant van die skaap staan en die skaap na links kyk en die skouman reguit vorentoe.

a)




b)




a) Jou voete (1) en die skaap se voete in swart aangedui
Die **korrekte** manier van staan.

b) jou voete (1) moenie na buite wys nie
Die **verkeerde** manier van staan.

VERTOON IN N GROEP

1. Wanneer julle die skape vertoon, bly in dieselfde volgorde soos julle gestaan het toe julle in die ring ingekom het. Beweeg die skape na die beoordelaars toe sonder om die diere op die beoordelaar af te druk.
2. Julle moet julle arms oplig en die skape vertoon sonder om te fluit of hande te klap.
3. As die beoordelaars links of regs beweeg, beweeg julle na die teenoorgestelde rigting. Bly in julle volgorde.

4. Probeer die skape weg van die ander diere en skoumanne in die ring vertoon. Hou nou fokus en moenie oogkontak verloor met jou dier of die beoordelaar nie. Dit is baie belangrik dat julle die diere bymekaar as 'n groep probeer hou en vertoon.
5. As die beoordelaar gaan staan, gaan staan julle ook en laat sak julle arms. Hou oogkontak met die beoordelaar en die skaap.
6. Moenie tussen die beoordelaar en die skaap kom nie.

7. Op die bevel "vang maar", moet julle die skape na die naaste hoek toe bring. Moenie die skape nou "spook" nie want as een nou wegbreek moet die skoumanne hul skape los en die skaap eers terug bring na die groep en dan weer na 'n hoek toe bring en dan op die roeper se bevel gelyk buk en vang.
8. Vang die skape aan die linker agterbeen met jou regterhand. Onthou jy vang altyd oorkruis. Vang die skaap bo die haksteen. VANG JOU EIE SKAAP!
9. Julle kan die skape om die nek vang **maar** dan **moet almal dit gelyk en dieselfde doen.**
10. Wanneer julle die diere suksesvol gevang het, beweeg julle in jul oorspronklike volgorde links om in die ring. Hou julle spasies en hou oogkontak met die beoordelaar.
11. Wanneer julle op julle plek kom, maak die skaap se bene reg. Eers voorbene dan agterbene van die skaap, sowel as jou eie voete en spasies. Luister na die "roeper" se bevele en konsentreer.

**FIGUUR 5:** GROEP SPASIES EN PLEKKE

.................................................................................................... reling van die ring

^ ^ ^

..Skaap 1 ..*... Skaap 2 ..*... Skaap 3 ....................denkbeeldige lyn waarin julle staan

- *Maak seker dat julle dieselfde gemaklike afstand (gemerk ^), met julle skape van die reling van die ring afstaan.*
- *Maak serker dat die spasies (gemerk *), tussen julle drie dieselfde bly as julle staan en draai.*
- *Moenie met die 2de stel vinnige draai bewegings konsentrasie verloor nie.*
- *Moenie tydens julle draaibewegings aan die reling raak nie.*

………………………………………………………………………………………………..

**BEK OOPMAAK IN N GROEP SKOU:**

**Wanneer julle bekke oopmaak doen julle dit ook gelyk.**

- Gebruik jul linkerhand se duim en wysvinger om die lippe van mekaar af te lig.
- Draai julle die skape se kopppe na die beoordelaar toe.
- Trek die bo- en onderlippe weg van mekaar af.
- Kyk eers self in die bekke en kyk dan op na die beoordelaar.




## E. ALGEMENE RAAD VIR DIE SKOUMAN:

- Netheid is baie, baie belangrik vir jou punte sowel as die beeld van die Provinsiale- en Nasionale Jeugskoue. Die Jeugskou is ‘n gedissiplineerde sport en wat dit so intens maak, is dat jy nie net op jou eie deelneem nie, maar met ‘n dier; ‘n dier wat jou instrument is tot sukses.
- Jou dier se behoeftes kom voor jou eie.
- Lyk of jy dit geniet en wees kalm, dan is jou dier ook kalm.
- Weet met watter ras tipe skaap jy skou.
- Dit is altyd wys om bietjie navorsing te doen oor jou betrokke ras, want as die beoordelaar vir jou ‘n ras verwante vraag vra – jy hom kan antwoord.
- Lees tydskrifte rakende landbou en vee om jou algemene kennis te verbreed.
- Onthou wanneer jou ooi op hitte raak duur dit ‘n paar dae. Sy gaan dan effe senuagtig wees en jou nie eintlik toelaat om aan haar boude of stert te vat nie.
- Wanneer jy ‘n dier **“leen/deel”** by iemand – help jy die dier aflaai, oplaai, versorg en as jy moeilik skou blameer jy dit nie op die dier nie. Jy word beoordeel nie die skaap nie. Die belangrikste – sê **“dankie”**.
- Jy skou met ‘n wolskaap – ken jou feite oor wol.
- Ondersteun mekaar as jy deel is van ‘n span, werk saam aan netheid en versorging van diere.

- Geniet die Jeugskou. Jy leer ken ander skoumanne en jeugskou vriende is ‘n ongelooflike.
  aanwins vir jou. Jou jeugskou vriend is jou kompetisie omdat hy / sy jou op jou tone hou. Jou jeugskou vriend is ook jou ondersteuning en spanmaat tydens kampioenskappe. Wees trots op die Jeugskou want dit maak jou baie spesiaal. ***Onthou jy gaan eendag dalk nog diep spore trap in ons Landbou gemeenskap.*** Dankie vir jou harde werk!


**WOLSKAAP: WASPROSES – basiese evaluerings tabel vir skoumanne**



| **Wolskaap was metode:** | **Punt 0** | **Punt 1** | **NOTA’S** | |
|---|---|---|---|---|
| 1. dier stewig / kort vasgemaak | | | | |
| 2. groot emmer vol water | | | | |
| 3. onder ken/ ken / onderlip | | | | |
| 4. binne-in bek / bo-lip | | | | |
| 5. neus/ neusbrug/ oogholtes | | | | |
| 6. oë/ binne en buite ore | | | | |
| 7. horingbasisse | | | | |
| 8. Bene – Links voor en agter | | | | |
| Regs voor en agter | | | | |
| 9. onder die stert | | | | |
| 10. hoewe en kloue | | | | |
| - Links voor en agter | | | | |
| - Regs voor en agter | | | | |
| 11. wol en lieste nat | | | | |
| 12. vreemde vesels op wol/pens | | | | |
| 13. netheid van skouman | | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 14. tyd gebruik, bootse afgevee | | | | |
| 15. mis / opgevee / weggepak | | | | |
| | | | **TOTAAL:** | **/15** |

**WOLSKAAP VOORBEREIDINGS PROSES – basiese evaluerings tabel**





| **Wolskaap Voorbereiding Metode** | **PUNT 0** | **PUNT 1** | **NOTA'S** | |
|---|---|---|---|---|
| 1. dier stewig, kort vasgemaak / regte gereedskap uitgepak | | | | |
| **Klein skêrtjie:** | | | | |
| 2. hare op ken en om bek getrim | | | | |
| 3. binne in en buite om oor rante | | | | |
| **Skaap skêr:** 4. Kuif en horingbasisse | | | | |
| 5. knip afwaarts om nek | | | | |
| 6. knip van Links voor na agter en Knip van Regs voor na agter | | | | |
| 7. knip wol oor lyf sonder happe | | | | |
| 8. knip die stert | | | | |
| 9. knip Links voor na Links agter Kloue oop | | | | |
| 10. knip Regs voor na Regs agter kloue oop | | | | |
| 11. knip Links voor na Links agter hare rondom die hoewe. knip Regs voor na Regs agter hare rondom die hoewe | | | | |
| 12. olie die kloue en hoewe Links voor na agter en Regs voor na | | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| agter sonder olie op die wol | | | | |
| 13. onder maag geknip / vreemde vesels verwyder | | | | |
| 14. tegniek / netheid / tyd gebruik | | | | |
| 15. mis en wol opgevee | | | | |
| | | | **TOTAAL:** | **/15** |

## <u>Wollengte liniale:</u>

Dit is n voorbeelde van n Wol Liniale wat deur keurders,
agente en beoordelaars van CMW en BKB.
gebruik word om wollengtes te bepaal.




WOLLENGTES
WOOL LENGTHS
CMW
123 Burman Rd/-weg 123, Deal Party
3314 North End/Noordeinde
(041) 486 1143 / (041) 486 1325
90+ = AA
100
AA
90
A
80
BB
70
B
60
C
50
DD
40
D
30
EE
20
E = 20-
MIKRON/MICRON
FF = <19µ
F = 19.1 - 20µ
M = 20.1 - 22µ
S = 22.1 - 24µ
SS =24.1 - 27µ
XS = > 27.1µ